

Woensdag 16 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4:

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor God

Mens mag dalk daardeur mislei word dat die reënboog net nog 'n teken van die verbond tydens die ou bedeling is, en dan die gedagte kry dat hierdie genade verbygegaan het saam met die ou verbond.

Daar is twee dinge wat ons moet onthou: die eerste is dat Johannes nie in die ou verbond in die hemel was nie - hy was daar in die tydperk van die nuwe verbond.

Die tweede is dat daar verteenwoordigers van die ou en die nuwe verbond voor die troon van die Here is: die lewende wesens wat daar is, is die simbool van die hele skepping. Daarom is daar vier van hulle. Die getal vier simboliseer die vier windrigtings, met ander woorde die volheid van alles wat God gemaak het.

Dan is die hele kerk uit die ou en nuwe verbond ook daar: *En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad (Op. 4:4).*

Die getal vier en twintig is juis twee maal die getal twaalf. Die Skrifverklaarders verklaar die eerste twaalf as die getal vir die twaalf stamme van Israel - dit is die ou verbond se gelowiges. Die tweede twaalf is die twaalf dissipels, en hulle is daar vir die kerk uit die nuwe verbond - dit is ons.

Wat beteken die verbond vir ons? Die band tussen ons en die Heilige Gees word gelê in dit wat Johannes verder sien: *Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe geeste van God (Op. 4:5).* Die sewe geeste van God is die volheid van God self waarmee Hy sy kerke onderhou en vermeerder.

Onstuitbaar en onblusbaar werk God met sy Gees in sy kerk en laat die gelowiges lewe. So gaan ons die wederkoms en die einde van die tyd tegemoet. Dan trek die Here ons in in sy teenwoordigheid en volle heerlijkheid.

Sing: Psalm 68-1:12

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)